



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 14 * Nr 149 * OKTOBER 2018

FB: Lourensrivier SeMense WEB: www.lourensrivier.co.za

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Woekerblad	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Gebedsaksie	6
Mosambieknuus	7&8
Ouerskap	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12



Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes vir Augustus moet Kerkkantoor voor 12:00 op Ma. 15 Oktober bereik!

"Moenie dink jy het die wysheid in pag nie," Spreuke 3:7.

Is jy verslaaf aan logika?

Op 'n dag het 'n wetenskaplike vir 'n ou prediker gevra hoekom die Bybelse weergawe van die Skepping logika verontagsaam. Glimlaggend het hy geantwoord: "Die rede hoekom God van nêrens af kom nie, is omdat daar geen plek was waarvandaan Hy kon kom nie. En omdat Hy van nêrens afkomstig was nie, het Hy ook op niks gestaan nie, omdat daar niks was om op te staan nie. En aangesien Hy op niks gestaan het nie, het Hy uitgereik na waar daar nêrens iets bereikbaar was nie en Hy het iets gevang waar daar niks was om te vang nie. Daarna het Hy iets aan niks gehang en gesê dit moet daar bly en niemand het 'n woord gesê nie, aangesien daar niemand was om iets te sê nie. Toe sê God vir Homself: 'Dit is goed!'"

Mense probeer dikwels om dinge vooruit te bereken, maar ons is nie so slim soos wat ons dink nie. Salomo het gesê: "Moenie aanneem dat jy alles weet nie," anders sal jy dit op die harde manier agterkom!

'n Christelike outeur skryf: "Ek ... kon nie vrede vind nie. Behalwe as ek alles uitreken en verstaan ... Ek het angstig, rusteloos, senuweeagtig, bekommerd en knorrig begin raak ... soortgelyk aan ... 'n dwelmverslaafde wat 'n fix nodig het; die graad was nie dieselfde nie, maar die simptome was wel dieselfde.

Ek was 'n Christen en het oënskynlik volgens die geloof gehandel ... ek het Jesus vertrou met my verlossing, maar in die res het ek myself vertrou." Klink dit bekend? Kroniese bekommernis bewys dat jy besig is om meer op jouself staat te maak as op God.

En bekommernis moet, soos enige ander sonde, hanteer word. Jeremia het gesê: "Ek weet, Here, die mens kan nie self sy pad kies nie, niemand kan self sy koers bepaal nie," (Jer. 10:23).

Hou dus op om elke moontlike uitkoms te beheer! Die lewe is baie meer vreedsaam as jy besluit om op God se Woord te staan en om Hom te vertrou, ongeag wat die omstandighede is!

Sielskos: Hand. 16 - 17, Matt.27:45 - 56, Ps. 1, Spr. 16:10 - 15.

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

BERG 80 VERJ: OKTOBER 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van	Noemnaam	Verjaar /	Ouderdom
Cruywagen	Christo	10/02	83
Du Plessis	Erika	10/03	81
Grobelaar	Faureen	10/03	82
Van Wyk	Erna	10/05	79
Leeuwner	Karel	10/07	79
Du Plooy	Pieter	10/10	86
Henning	Gideon	10/10	82
Stassen	Alida	10/11	81
Geldenhuis	Hettie	10/12	85
Mostert	Anna	10/14	83
Louw	Anna	10/24	84
Oosthuizen	Stanley	10/25	80
Jooste	Christie	10/26	85
Dreyer	Garies	10/30	81

Baie liefde en seën

Jes. 58:11

Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.



Op 7 September het Lemarie Fourie en die Rapha Vroue vir die inwoners van Huis Jan Swart bederf met "Cup Cakes" wat hul self kon versier.♪



WOEKERBLAD:



VIR EFT'S OF FINANSIËLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & produk of voedsel fees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollekesakkies geplaas kan word.



'n Verhouding bestaan uit twee diverse individue. Elke een het 'n unieke stel verwagtinge, unieke lewensuitkyke, unieke behoeftes en agtergronde. My idee van "hoe 'n vrou behoort te wees en hoe 'n man behoort te wees" word beïnvloed deur my agtergrond, my voorbeelde, my keuses en my ervaringsleer. Al trou twee mense van baie eenderse agtergronde met mekaar, is die klein verskille wat daar wel bestaan steeds méér as voldoende om groot probleme te kan veroorsaak. En nou plaas ons hierdie twee, unieke mense onder een dak en

ons sê "wees nou gelukkig" – dit is nie net só eenvoudig nie. Ek dink nie daar is een persoon op hierdie aarde wat vir my kan sê om hierdie liefde in jou huwelik toe te pas eenvoudig en maklik is nie. Hierdie definisie van liefde verg 'n doelbewuste handeling. Dit is 'n keuse, dit is 'n werkwoord, dit is nie 'n gevoel nie. Ons is getroud met mense, per definisie maak dit my lewensmaat alles behalwe perfek...net soos wat ek alles behalwe perfek is. Maar as ons 'n ingesteldheid het waar ons hierdie werkwoord-definisie van liefde in ons verhouding inbou, is ons al klaar besig om 'n "doelbewuste ons" te skep. Daarom is dit so belangrik om, te midde van die verskillende lewensfases, seker te maak dat ons "connected" bly met mekaar. Dat ons 'n doelbewuste punt daarvan maak om saam te groei en mekaar op alle vlakke te bly "ken". Volle artikel by hierdie skakel beskikbaar: <https://www.vitanova.co.za/Default.aspx?TabId=877&ArtMID=2636&ArticleID=2176>



*Line Dancing Classes
Strand*

*Do you enjoy dancing
Join us, No partner needed*

*Afternoon and evening classes
Mondays to Thursdays
Beginners to Advanced*

Call now. 066 286 6703

RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Maak snyborde skoon en vars deur 'n halwe suurlemoen daaroor te vryf. Laat dit so staan vir 'n halfuur en spoel dan af. Dit ruik heerlik!



Vars Resepte vir die Lente

Suurlemoen Joghurt Slaaisous

Kwart teelepel sout
2 Eetlepels ongegeurde Joghurt
2 Eetlepels Olyfolie
1 Suurlemoen
Swartpeper na smaak

Gooi Joghurt in mengbeker
Druk suurlemoen daarin uit
Voeg Olie by
Voeg sout en peper by
Meng goed en daar het jy dit!

Heerlik saam met Avo & Parmesanslaai! 🎵



Vir nog meer "Baklike" resepte, gaan besoek die Facebook Blad.

Hier is die skakel:

<https://www.facebook.com/disbaklik/>

Meksikaanse Braaibroodjie

300g gerasperde Mozerella Kaas
125g Roomkaas (ongegeurde)
200g Basil Pesto
Tortillas
Tamatiesalsa
200g Kersie Tamaties (deurgesny)
Avokado
Suurroom

Meng Roomkaas en Pesto saam
Voeg Mozerella kaas by en meng goed

Rol foelie uit en plaas 1 Tortilla daarop
Smeer die Kaas-mengsel oor hele Tortilla
Smeer Tamatie Salsa bo-oor
Gooi lagie tamaties bo-oor

Plaas 2de Tortilla bo-op en herhaal proses. Vou toe met foelie en braai oor matige kole vir 30min

Garneer met koljander of fyn spinasieblare. Bedien met avokado & suurroom



GEBEDSAKSIE: OKTOBER '18
GEBEDSONDERWERP: HUWELIK

Effesiers 5:25-33

“Mans, julle moet julle vrouens leifhe, soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgele het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in vole heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Die mans behoort hulle vrouens so lief te he soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy ei liggam hehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dist, soos Christus met sy kerk doen omdat dist sy liggam is, waarvan ons lede is”.



1 Petrus 4:8

“Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhe, want die liefde bedek baie sondes”.



Effesiers 5:22

“Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggam, sy kerk. Soos die kerk aan Christus



onderdanig is, moet vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

Prediker 4:8

“Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp.”



- ♥ Bid dat die Here ons elkeen se oë sal oopmaak en harte sag mekaar.
- ♥ Bid dat die Here die huwelik sal bekserm teen aanvalle vd duiwel.
- ♥ Bid dat die Here sal genees en n nuwe hart sal gee vir die wat seer gekry het.

Gebod:

Hemelse Vader, baie dankie dat ons huwelik vir U kosbaar is. Dankie dat U 'n spesiale plan met ons het. Here, help my asseblief om met die nodige wysheid en liefde op te tree. Begin asseblief by my Here, en toon aan my die foute of gesindhede wat nie reg is nie. Vergewe my vir die verkeerde dade en optredes wat ek in my huwelik gemaak het.

Here, dankie dat u van ons sielsgenote gemaak het, dankie dat U ons lewe met hierdie wonderwerk gevul het, Dankie dat ons as sielsgenote mekaar gevind het. Ons vra nou aan u Jesus om ons en ons gesin te sien, sien met u bloed en oneindige liefde.

Here ons vra dat U u Gees oor ons sal uitstort, dat u vir ons wysheid sal gee, wysheid in oorfloed, wysheid om u huweliks gelofte te verstaan, om dit uit te leef en aan mekaar sal gee soos U dit wil he, wysheid om te verstaan waaroor die huwelik gaan, wysheid om ons pligte as man en vrou te verstaan en dit uit te leef. Bid vir wysheid en kennis om moeilike omstandighede reg te hanteer.

Dankie Jesus dat u vir ons so 'n groot en goeie voorbeeld gestel het, 'n voorbeeld hoe om te leef, 'n voorbeeld hoe om lief te he, en 'n voorbeeld van 'n suksesvolle huwelik.

Dankie Jesus dat u nou in ons harte is, dat u ons geseen het, dat u wysheid in oorfloed aan ons gegee het, dat u hierdie huwelik met liefde sien!
Dankie Jesus dat ons een geword het in U naam.

Makwe Mission: Gebedsbrief 7-2018



Mense dink ons bly in 'n plek soortgelyk aan die paradys. Mense wat hier kom kuier en die rustigheid vir 'n week of twee ervaar, besef nie

hoe moeilik die rustigheid kan raak as mens vir maande aaneen daarmee gekonfronteer word nie.

Die afsondering, die konstante geroei om iets reg te maak wat breek, die baklei teen die natuur, tegnologie wat mens in die steek laat. Ons son vrieskas en yskas werk baie goed, maar die batterye hou nie. Ons skakel die vrieskas nou snags af, sodat dit nie die batterye leeg trek deur die nag nie. André moet nou die batterye ontkoppel van mekaar en kyk of almal swak is en of daar net een is wat nie goed is nie. Ongelukkig is 'n bank batterye net so sterk soos die swakste een is. Ons wil ook die moontlikheid van 'n windlaaier ondersoek. Dit gebeur deesdae baie dat daar nie son is nie. Wat ons wel omtrent heeltyd het, is wind. En mens het nie sterk wind nodig vir 'n windlaaier nie. Net 'n ligte briesie is al genoeg om die windlaaier se arms te laat draai.

Die termiete is ook nou besig om ons kombuis te beleër. Ons moes al die sifdeur vervang, aangesien hulle 'n balk of twee voos geknaag het. Die kosyn het ons goed met gif bespuit en dit lyk darem of hulle nou eers daar die wyk geneem het. Hulle het egter nou op vier plekke uit die grond uit teen die muur begin op beweeg, aan die binnekant van die kombuis. Ons moes aan die begin van die jaar 'n nuwe drukker koop, nadat die ou een gedurende laasjaar die gees gegee het. Kan hom seker nie kwalik neem nie. Hy was al 15 jaar oud. Ongelukkig het ons nagelaat om 'n ekstra ink kasset te koop. Ons het nie baie afdrukke gemaak nie, toe die ink sê tot hier toe en nie

verder nie. Gelukkig is daar toe iemand wat in vlieg Pemba toe en 'n kasset vir ons kon saambring. Nou hoe nou? Nou is dit nog steeds 430km van ons af. Ons het met iemand in Palma gepraat en gehoor van die bestuurder van een van die hotelle wat met verlof was en net die volgende dag sou terugkeer werk toe. Uit Pemba na Palma! Sy het die kasset vir ons saamgebring en André het dit weer in Palma opgetel. Nou wil dit voorkom asof ons onself 'n kat in die sak gekoop het, want as ons 30 afdrukke sedertdien gemaak het is dit baie en die ink is al weer laag! Die tegniese resessie in Suid-Afrika het ook 'n direkte invloed op ons hier. Waar ons vroeër 5mets op 'n Rand gekry het, het dit nou teruggesak na onder 4mets. Hou ook in gedagte dat produkte hier 1½ tot twee keer soveel kos as produkte in SA. En ons het al sekere produkte gesien wat selfs meer as twee maal duurder is! Eiers se prys is nou amper R90 vir 2½ dosyn. En dan is mens nie verseker van hoe vars die eiers is nie! Dit is altyd moeilik om dinge soos hierdie met mense te deel, sodat hulle jou nie as negatief ervaar nie. Ons vra dat julle ernstig saam met ons sal bid vir al hierdie sake.

Ons het 'n paar jaar terug foto's gestuur van ons die grond rondom ons put se bokant wat ingesak het. Ons het dit mooi opgevolg. Die sement ringmuurtjie bokant die grond het aansienlik gesak. Ons sien nou weer dat die grond rondom die put insak. Die probleem is dat dit in die put in spoel en dit veroorsaak dat die sand nou ophoop bokant die plek waar die syferwater inkom. Ons het regtig raad en hulp nodig oor hoe ons die put kan seel aan die bokant, sodat die sand nie in spoel nie. Verder is ons nou ook opsoek na iemand wat in die put kan in gaan om die sand uit te graawe en na die oppervlak te bring. Die twee ouens op die dorp wat dit voorheen gedoen het is nou albei weg. Ander wie ons genader het om dit te doen is te bang om in die put af te gaan.

Vervolg op Bl 8



Op 'n persoonlike vlak wil ons vra dat julle sal bid vir André se knie. Dit het laasjaar al effens gepyn, maar dit het nou so versleg dat hy nie meer ver kan stap nie. As hy effens verder as die heining gaan gebruik hy 'n kiere en hy voel dat dit bietjie help. Smeer en vasdraai help ook nie meer vreeslik nie. Ons het iemand gevra om vir hom 'n knieskut uit Suid-Afrika saam te bring. Dit is op die oomblik nog op Mocimboa da Praia en ons hoop dit sal effens help. Indien iemand weet van 'n goeie dokter in die Helderberg kom wat so 'n ondersoek en moontlik operasie kan doen, sal ons waardeer indien julle vir ons 'n naam kan gee, sodat ons kan probeer om 'n afspraak te kry. Indien 'n operasie gedoen moet word wil dit graag voor die end van die jaar laat doen, sodat daar tyd is vir herstel voor ons moet begin met gemeentebesoeke.

Geletterdheid in die Noorde: André het Woensdag (30/8) 'n oudiënsie met die administrateur gehad. Net om hom in sy kantoor te kry is al klaar 'n wonderwerk!! Hy is ook positief oor die kleuterskool. Volgens hom word die hersiene aansoek nou na die departemente van onderwys en – gesondheid gesirkuleer vir hulle kennisname en dan kan hy finale goedkeuring gee. Bid saam dat dit spoedig sal gebeur en dat hy nie weer op een of ander sending gaan wat hom vir lank uit die kantoor hou nie.

André het Maandag (10/9) die administrasie gebel om te hoor waar die aansoek nou trek en is ingelig dat dit aangestuur is. Hy het die direkteur van gesondheid geskakel en die het hom meegedeel dat hy Maandag weer teruggekóm het op kantoor na 'n ruk en die aansoek daar aangetref het. Dit sal nou van hom af gaan na onderwys. Bid saam dat die proses vinnig sal afloop. Ons beplanning is om 24 September te begin. Hopelik is alle goedkeurings dan gegee. Ons gaan nie met die kurrikulum begin nie, want dit is te kort voor die einde van die jaar, maar gaan basiese taal, wiskunde en sosiale vaardighede leer in die weke voor die end van die jaar.

Halleluja!! André het vanoggend met die kantoorbestuurder van die administrasie in Palma gepraat en volgens hom is die finale goedkeuring gegee. Hy skryf nou 'n nota om die dokument aan te stuur Quionga toe. Ons is besig met die laaste voorbereidings hierdie week en is dan op koers om Maandag te begin. Skryfbord teen die muur verf, koeldrank doppies verf en syfers op skryf, toilet bou en ander klein goedjies regkry wat die kinders in hierdie tyd gaan gebruik.

(Volledige Nuusbrief beskikbaar op hul Facebook Blad).

Andre & Anna-Marie Thiant, Quionga, Mozambique

Epos: thiartaa@gmail.com

Facebook: Makwe Mission -

<http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

Webblad: www.gcx.org/Makwe_Mission

Celnr Moz:

+258 86 68 42 675

+258 84 228 9038

Skype: andre-thiant

Celnr SA:

+78 348 1914 + Whatsapp

+73 909 5288 +Whatsapp

Finansies:

Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)

Bank besonderhede: Thiant Sendingpos, Absa

Bank – 632005, 9068791513

Oor Ouerskap

Wanneer ons bid "Onse Vader wat in die Hemel is," sê ons daarmee dat ons glo dat God 'n Vader is, dat Hy ons Vader is, dat ons met ons gelowige broers en susters Hom aanroep en vertrou om vir ons 'n sorgsame Vader te wees en dat ons graag Sy gehoorsame kinders wil wees. Iemand het eenkeer gesê: "Ek kan nie bid 'Onse' as ek net vir myself lewe nie. As ek sê 'Vader' moet ek seker wees dat ek Sy kind is! Net so kan ek nie bid 'Wat in die Hemel is..!' as ek aardsgebonde is nie!" (Kol 3:1-10).

Om vader of moeder te wees in die ware sin van die woord is nie net 'n wonderlike gawe van God en 'n groot voorreg nie, maar ook 'n ontsettende verantwoordelikheid... om die kind deur voorbeeld te lei om God as sy/haar Hemelse Vader te leer ken en liefhê en dien! Sodoende sal ons hulle ook help en leer om eendag op hul beurt verantwoordelike ouers te wees wat aan hulle Hemelse Vader gehoorsaam is en hul kinders leer om ook dieselfde te doen. (Deut. 6:4-7 "'Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag." Hierdie gebooië wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.' so ook Jos 1:7-9; 24:14-15).



Toe ek vir die eerste keer, vier-en-dertig jaar gelede, my eersteling in my arms vashou, was ek bang dat sy dalk soos porselein kan breek in my growwe hande. Hoe ontsaglik wonderlik is dit dat die Skepper van hemel en aarde aan my, 'n brose mens, hierdie voorreg en verantwoordelikheid kon toevertrou om 'n pap babatjie te versorg, en vertroetel en lei om vir Hom groot te word! Dis slegs sy genade wat ons daartoe bemagtig, toerus en bekwaam!

God het sy Seun, sy enigste, vir ons gegee, sodat ons deur geloof sy kinders kan word, sê die duisendste hoofstuk (Joh. 3:16) in die Bybel by monde van Jesus self waar Hy God se Blye Boodskap, die Evangelie, opsom.


My gebed:

Vader, mag my kinders en kleinkinders in my die weerkaatsing van 'n Vaderbeeld deur Jesus in my lewe herken.

**Help die kleuters om hulle weg
na die kerk te vind**



FOKUSTEKS: Ester 7:1-10 & 9:20-22



EclipseCrossword.com

DWARS

3. Die Jode moes dit aan die armes stuur
4. Ahasveros het woedend daarheen gegaan
7. Dit was 23 meter hoog
8. Hadassa het hier gewoon
9. Mordegai het dit gestuur aan al die Jode
10. Seun van Hammedata
12. Haman het daarop neergeval
14. Ahasveros was bereid om die helfte hiervan vir Ester te gee
15. Maand waarin Jode feesgevier het
17. Ester het dit beplan in die saal van die paleis

AF

1. Koning wat geheers het in Ester se tyd
2. Die Jode se rou het hierin verander
5. Ester se ware naam
6. Die koning se gesindheid teenoor Ester
9. Ahasveros se dienaars het dit met Haman gedoen
11. Oom van die weeskind
13. Een van die koning se paleisbeamptes
16. God se volk

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za

Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

